# Aangetrek vir die lewe

## Daar's dorings, bring skoene

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 9 November 2025

Ek kan my nie indink hoe dit moet wees as jou kinders en kleinkinders oorsee woon nie. As jy vandag na hierdie kleintjies gekyk het en jy mis so 'n mensie, baie sterkte. Ook met daardie verlang kan ons na die Here toe kom... "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is..."

Miskien woon jou kinders nie in 'n ander land nie, maar hulle is op 'n dieper manier baie ver. Jy ween dalk oor 'n kind se verhouding met die Here. Kan jy aan enige beter nuus dink as 'n oproep, "Ma, Pa, ek het die Here gevind. Ek en 'n vriend loop nou al lank 'n pad. Gisteraand, na 'n diep gesprek het ek geweet ek moet my lewe oorgee..."? Hoe sal jy die Here dank vir daardie persoon wat bereid was om om te gee, bereid was om te bid, te praat? Dis waaroor ons vandag praat, só 'n bereidwilligheid.

Ons is nou vir die vierde week besig met dit wat Paullus sê oor ons pad in die voetspore van die Here. Hy sê dit is 'n geveg. Nie noodwendig 'n geveg wat net in dramatiese, uitsonderlike oomblikke gebeur nie. Dis deel van ons gewone, alledaagse bestaan. 'n Daaglikse oorlog wat die bose voer met sy leuens, sy subtiele verdraaiïngs en sy aanslae op ons harte, ons gedagtes, emosies, gewoontes, verhoudings. Ons het reeds gepraat oor die werklikheid van 'n geestelike stryd, ook oor die gordel van die Waarheid en die borswapen van Geregtigheid. As jy dit gemis het wil ek jou aanmoedig om dit op een van ons platforms te gaan luister.

Vandag kom ons by ons voete.

**Efésiërs 6:15**

...en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede.

As 'n mens dink aan 'n soldaat se toerusting, is skoene dalk nie die eerste ding wat by jou opkom nie. Jy dink aan die swaard, die skild, die helm. Maar enige militêre strateeg sal vir jou sê dat 'n soldaat se mobiliteit en stabiliteit absoluut kritiek is. Die Romeinse soldate, die mees gedugte infanterie in die tyd waarvan Paulus se wapenrusting praat, het nie ligte, gemaklike sandale gedra nie. Hulle skoene, die caligae, was vir daardie tyd tegnologiese meesterstukke vir oorlogvoering. Dit was swaar, oop, leerstewels, en die geheim was in die sole. In elke sool was daar honderde kort, skerp ysterspykers ingekap. Hierdie spykers was nie ontwerp vir spoed op 'n atletiekbaan nie. Hulle was ontwerp vir een ding: traksie. 'n Soldaat moes sy voete stewig kon plant op enige terrein—op 'n modderige heuwel, op los grond, of wanneer die vyand se mag hom probeer terugstoot. Die caligae het 'n soldaat toegerus om sy posisie te hou, om selfvertroue te hê in sy vastrapplek, en om vorentoe te beweeg wanneer die bevel kom. Dit was die toerusting van gereedheid.

Vir ons, sê Paulus, is hierdie skoene die bereidheid om te vertel van die Evangelie van Vrede.

Dit impliseer twee dinge: stabiliteit en mobiliteit. Om stewig te staan in die vrede wat God ons gegee het, maar ons kan nie stilstaan nie. Ons is gemaak om te beweeg, om hierdie boodskap te neem na mense wat desperaat is vir vrede.

Maar voordat ons kan loop, voordat ons kan vertel, moet ons eers hoor. Die kern van gereedheid is om te weet Wie met jou praat en wat Hy sê. Jy kan nie van vrede vertel sonder om vrede te ontvang nie.

As jy die Bybel heel voor in Genesis oopmaak, is die heel eerste vrae wat God aan die mensdom stel, baie intiem en persoonlik. Dis vrae oor in die eerste persoon, jý, hoe dit met jóú gaan, jóú hart, jóú besluite. Die eerste vier vrae van God in die begin van die mens se verhaal is gerig op jou eie lewe en jou verhouding met God:

- **"Waar is jy?" (Genesis 3:9)**. 'n Vraag oor verhouding. Waar staan jy ten opsigte van My?
- **"Wie het jou vertel dat jy kaal is?" (Genesis 3:11)**. 'n Vraag oor jou bron van waarheid. Na wie se stem luister jy?
- **"Het jy van die boom geëet waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?" (Genesis 3:11)**. 'n Vraag oor gehoorsaamheid en verantwoordelikheid.
- **"Wat het jy gedoen?" (Genesis 3:13)**. 'n Vraag oor die gevolge van 'n mens se aksies.

En eers nadat hierdie fondasie van persoonlike verantwoordelikheid gelê is—diep selfondersoek voor God—kom die vyfde vraag. Hierdie vraag skuif die fokus van jou verhouding met God na jou verhouding met jou naaste:

Die vyfde vraag is: **"Waar is jou broer?" (Genesis 4:9)**.

Hier sien ons 'n Goddelike patroon. Vier vrae, 80% van God se aanvanklike ondersoek, gaan oor die gesondheid van jou eie siel. Die vyfde vraag, 20%, gaan oor jou verantwoordelikheid teenoor ander. Dis fassinerend hoe hierdie antieke teks resoneer met 'n beginsel wat eers duisende jare later in die sosiale wetenskappe geïdentifiseer sou word: **Die Pareto-beginsel, die 80/20-reël.**

Hierdie beginsel is vernoem na 'n Italiaanse ekonoom, Vilfredo Pareto (1848-1923). Sy ontdekking was eenvoudig. Hy het opgemerk dat in sy tuin, ongeveer 80% van die ertjies afkomstig was van net 20% van die ertjieplante. Dit het sy nuuskierigheid geprikkel. Hy het dit toe op 'n makro-ekonomiese vlak begin ondersoek instel en gevind dat in Italië, ongeveer 80% van die grond besit word deur slegs 20% van die bevolking. Hierdie patroon het oor en oor na vore gekom. Vandag sien ons dit oral: 'n besigheid sal dikwels vind dat 80% van sy winste van 20% van sy kliënte kom. In sagteware-ontwikkeling word 80% van die foute veroorsaak deur 20% van die kode. In jou eie lewe dra jy waarskynlik 80% van die tyd net 20% van die klere in jou kas. 80% van jou stres kom dalk van 20% van jou probleme. Die beginsel is dat 'n klein persentasie van insette verantwoordelik is vir 'n groot persentasie van uitsette.

Geestelik kan ons dit só verstaan: As jy 80% van jou fokus op jou verhouding met God plaas—om sy vrae oor jou lewe eerlik te antwoord, om jou hart voor Hom te ondersoek—sal daardie diep, interne werk jou in staat stel om die 20% van energie wat jy aan ander spandeer, 100% effektief te maak. Jou omgee vir ander, jou getuienis, jou bereidheid om te vertel, verdwyn of word kragteloos en leeg as jou eie siel nie leef in die teenwoordigheid van God nie.

Vyf vrae van God in die begin van Genesis. Vier oor jou verhouding met Hom, en die vyfde oor jou omgee…

En wat is die gevalle mens se natuurlike reaksie op die vyfde vraag, “Waar is jou broer?”

Esau antwoord God met ’n vraag, die heel eerste opgetekende vraag deur 'n mens in die Skrif.

**Genesis 4:9**

Toe sê die HERE vir Kain: Waar is jou broer Abel? En hy antwoord: Ek weet nie. **Is ek my broer se wagter?**

Hierdie vraag, “Is ek my broer se wagter?”, is die oer-oue vraag van elke hart wat weier om die skoene van bereidheid aan te trek.

Kain sien sy broer as ’n vyand, ’n bedreiging, ’n las. Kain se stryd is teen sy eie vlees en bloed. Presies die teenoorgestelde van die oorlog waarvan Paulus praat

**Efésiërs 6:12**

Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Paulus sê jy sal die geveg verloor as jy nie skoene van vertel aantrek nie…

In **2 Konings 6 en 7** is ’n verhaal wat ’n prentjie skilder van wat gebeur as goeie nuus in ’n desperate wêreld deurbreek. Samaría is onder beleg deur die leër van Aram. Die stad is afgesny. Daar is geen kos nie. Die situasie is so verskriklik dat ’n esel se kop, iets wat niemand ooit sou eet nie, vir tagtig sikkels silwer verkoop word. Tot duiwemis word geëet, ’n handvol verkoop vir vyf sikkels. Die koning van Israel loop op die stadsmuur, en ’n vrou roep na hom vir hulp. Maar die koning is magteloos. Hy erken dit. Die vrou vertel vir hom haar storie: sy en haar vriendin het ’n ooreenkoms gemaak om hul eie kinders te eet om te oorleef. Hulle het haar seun eerste gekook en geëet, maar nou het die ander vrou haar seun weggesteek. Die samelewing het in duie gestort. Die koning skeur sy klere in wanhoop en woede en blameer die profeet Elisa. In hierdie absolute donkerte, waar alle hoop verdwyn het, spreek Elisa ’n radikale profesie uit: “Môre omtrent hierdie tyd sal ’n maat fynmeel vir een sikkel verkoop word in die poort van Samaría.” Kos sal so volop wees dat dit feitlik gratis sal wees. Een van die koning se offisiere lag sinies en sê: “Selfs al maak die Here vensters in die hemel, kan so iets gebeur?”

Buite die stadspoort sit vier melaatses, die uitgeworpenes van die uitgeworpenes. Hulle mag nie in die stad wees nie, maar hulle kan ook nêrens anders heen gaan nie. Hulle hou ’n raadsvergadering van die hopeloses. Hulle redenasie is foutloos: “As ons hier bly sit, sterf ons. As ons die stad ingaan, sterf ons van die hongersood. Kom ons doen die enigste onlogiese ding wat oorbly: laat ons oorloop na die vyand se kamp. As hulle ons doodmaak, wel, ons sou in elk geval gesterf het. As hulle ons laat lewe, dan lewe ons.”

In die aandskemer stap hulle na die Aramese laer. Maar toe hulle by die kamp kom, is daar ’n doodse stilte. Hulle sluip nader. Die tente staan, die perde en donkies is vasgemaak, maar daar is geen mens te sien nie. God het ’n wonderwerk gedoen. Hy het die Aramese leër die geluid van ’n magtige leërmag laat hoor, en in paniek het hulle alles net so gelos en gevlug vir hul lewens.

Die vier melaatses stap ’n tent binne. Hulle kan hul oë nie glo nie. Kos, drank, silwer, goud, klere. Hulle eet en drink tot hulle versadig is. Hulle neem van die skatte en gaan begrawe dit. Dan gaan hulle na ’n tweede tent en doen dieselfde. Vir ’n oomblik is hulle wêreld net gevul met hul eie verlossing, hul eie oorvloed. Maar dan, terwyl hulle besig is om selfsugtig fees te vier, tref ’n morele krisis hulle. Hulle kyk na mekaar, hulle gewete pla hulle. Kyk wat sê hulle vir mekaar:

**2 Konings 7:9 (NLV)**

Daarna sê hulle vir mekaar: “Wat ons doen, is nie reg nie. **Dit is ’n dag van wonderlike nuus en ons sê niemand daarvan nie!** As ons wag tot dit lig word, sal ’n onheil ons tref. **Kom ons gaan en vertel** dit by die paleis van die koning.””

“Ons doen nie reg nie... hierdie dag is ’n dag van van wonderlike nuus (goeie boodskap—OV), en ons bly stil, ons sê niemand daarvan nie!” As hierdie vier uitgeworpenes, wat niks aan die samelewing geskuld het nie, die skuld van stilte oor tydelike, fisiese verlossing nie kon dra nie, hoeveel te meer as jy die boodskap het van ewige verlossing, van geestelike oorvloed, van vrede met God?

Dit bring ons by ’n profetiese waarskuwing wat die dringendheid van ons skoene onderstreep. Die Here het ’n man, die profeet Esegiël, aangestel as ’n geestelike wag vir sy volk. ’n Militêre wag se funksie was eenvoudig, maar dodelik belangrik: As hy op die muur staan en die swaard, die gevaar, sien aankom, moes hy onmiddellik die basuin blaas om die mense te waarsku.

As die basuin blaas, en iemand ignoreer die waarskuwing, sterf hy deur sy eie skuld. Maar die vreesaanjaende verantwoordelikheid lê by die wag: Wat as hy die gevaar sien kom, maar stilbly? Wat as hy versuim om die basuin te blaas?

God se oordeel is duidelik. Die siel wat sterf, sterf deur sy eie ongeregtigheid. Maar daardie wag, wat die waarskuwing weerhou het, word aanspreeklik gehou.

Die Here stel die verantwoordelikheid op die wag, en vir Eségiël sê die Here dat hy soos ’n wag op die muur is:

**Esékiël 33:8**

As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.

Om die skoene van bereidheid aan te trek is daarom nie net ’n uitnodiging nie; dis ’n ontsaglik

belangrike opdrag. Ons is nie geroep om mense se harte te verander nie—dit is God se werk—ons taak is om die waarskuwingsbasuin te blaas. Ons word geroep om bereid te wees om te praat, want as ons as die wagte stilbly, sal die bloed van dié wat nie gewaarsku is nie, van óns hand geëis word. Ek wonder of jy die dringendheid hoor?

Maar waar kom hierdie gereedheid om te vertel vandaan? Dit kom nie uit blote pligsbesef nie, dit kom uit ontmoeting.

Dink aan Moses by die brandende bos. Voordat God vir hom die masiewe opdrag gee: "Gaan en vertel Farao... Gaan haal my volk," (Eksodus 3:10), sê die Here eers iets anders:

**Eksodus 3:5**

**Trek jou skoene van jou voete af**, want die plek waar jy op staan, is heilige grond. (**Trek eers uit** jou sandale, want jy staan nou op 'n heilige plek. LB)

Die skoene van gestuurdheid word eers uitgetrek vir die oomblik van intieme ontmoeting. Die 80% van toewyding en ontmoeting moet die 20% van aksie voorafgaan.

Jesus se lewe het hierdie selfde ritme gehad. Hy het die boodskap van die Koninkryk met absolute outoriteit verkondig, maar Hy het voortdurend na geheime plekke gegaan—die berg, die tuin, die eensaamheid—weg van die menigte. Dis hoekom Hy, toe Hy in Johannes 4 by die fontein met 'n sondige vrou gepraat het oor haar lewe, vir sy dissipels kon sê: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie." Sy voedsel was om die wil van die Vader te doen, 'n wil wat Hy in sy lewe van eenkantkom gehoor het.

Henri Nouwen het dit so goed gestel:

"Solitude is the furnace of transformation. Without solitude, we remain victims of our society and continue to think in the ways of our culture. Solitude is the place of the great struggle and the great encounter – the struggle against the dark powers and the encounter with him who is the light of the world... Solitude is the soil from which community grows. When we pray, study, or spend quiet time alone with God, we are potentially open to a deeper intimacy with one another." (Henry Knouwen)

Ons kan nie die skoene van die Evangelie van Vrede aantrek tensy ons seker is van die Vrede-Gewer nie. Die bereidwilligheid kom nie uit ons eie ywer nie, dit kom uit ons verbintenis met Hom. Maar ware toewyding lei altyd na bereidwilligheid om te vertel...

In Spiritual formation we are aiming at a character and life that is so shaped that the deeds of Christ routinely and easily come from what is inside. Spiritual formation cannot, in the nature of the case, be a 'private' thing... (Dallas Willard)

Ek en Barbara het hierdie jaar die Camino saam met 'n groep gemeentelede gaan stap. Ek het vir my nuwe Crocs gekoop om in ons aftye te dra. Maar in ons aftye het ons soms baie kilometers gestap. En my Crocs was effe aan die te klein kant vir lang stap.... 'n Mens moet skoene dra wat pas by die pad wat jy loop...

En ’n gelowige het net een pad, die pad in die voetspore van Hom wat vir jou die goeie nuus gebring het. Jou eie verhaal word in ’n sin jou skoene wat jou na mense toe neem wat in jou verhaal die goeie nuus hoor vir hulle eie verhaal...

"My story is important not because it is mine, God knows, but because if I tell it anything like right, the chances are you will recognize that in many ways it is also yours." (Frederick Buechner)

Die Here se pad met jou is die spykers in die sole van jou skoene; dit gee jou traksie op die rotsagtige, moeilike terrein van iemand anders se lewe.

Hoe lyk hierdie gereedheid? Dit beteken om die Goeie Nuus wat jou lewe verander het te leer verwoord. Die goeie nuus, die evangelie...

“The Christian Gospel is this: We are more sinful and flawed in ourselves than we ever dared to believe, yet at the very same time we are more loved and accepted in Jesus Christ than we ever dared to hope.” (Timothy Keller )

Dít is die Vrede wat ons verkondig.

Om hierdie skoene aan te trek, is om te sê: Ek is gereed om te deel wat ek in my eensaamheid ontdek het. Ek is gereed om my verhaal te deel sodat ander hulle eie kan herken. Ek is gereed om die basuin te blaas vir diegene wat dit nog nie gehoor het nie.

Ek wonder of daar ’n groter, meer dramatiese illustrasie van hierdie hele proses van ontmoeting, reiniging, en sending is as die roeping van die profeet Jesaja in Jesaja 6. Dis soos ’n bloudruk van hoe God ’n mens voorberei om te gaan vertel.

Jesaja kom in die tempel en in ’n visioen sien hy die Here, die lewende God, op ’n hoë en verhewe troon. Die soom van sy kleed vul die hele tempel. Serafs, hemelse wesens, vlieg en roep uit na mekaar: “Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlikheid vol!” Die fondamente van die tempel bewe van die klank.

Ten aanskoue van hierdie absoluut oorweldigende heiligheid, is Jesaja se reaksie nie bewondering of opgewondenheid nie. Dit is verplettering. Hy roep uit: “Weë my, ek is verlore! Want ek is ’n man van onrein lippe en woon onder ’n volk van onrein lippe; want my oë het die Koning, die HERE van die leërskare, gesien!” In die teenwoordigheid van die heiligheid van God sien hy nie net sy eie sonde nie, maar hy identifiseer homself met die sonde van die mense vir wie hy bestem is.

Maar die verhaal eindig nie in sy wanhoop nie. Een van die serafs vlieg na hom toe met ’n gloeiende kool wat hy met ’n tang van die altaar af geneem het. Hy raak Jesaja se mond aan en sê: “Kyk, dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weggevee en jou sonde versoen.”

Genade... Reiniging kom nie van Jesaja se pogings nie, maar van God se altaar.

Eers die visioen van God se absolute heiligheid.

Dan die besef van sy eie totale onreinheid.

Dan die ervaring van God se volkome reiniging.

En eers dán, nadat hy gereinig is, nadat sy skuld betaal is, hoor Jesaja die vraag van God wat deur die hemel eggo:

**Jesaja 6:8**

Toe hoor ek die Here sê: "Wie sal Ek stuur? Wie sal vir Ons 'n boodskapper wees?" "Ek sal gaan," antwoord ek toe, "U kan my stuur!"

Nou is Jesaja se antwoord nie meer "Weë my" nie. Sy antwoord is nie meer gefokus op sy eie onwaardigheid nie. Sy fokus is nou op God se sending, en sy antwoord is as't ware om onmiddelik die skoene van bereidwilligheid aan te trek: "Hier is ek, stuur my."

Dít is die hart van die Evangelie. En dit wys ons na die Groot Gestuurde. Want eeue later het daardie selfde vraag in die hemel weerklink: "Wie sal Ek stuur?" Wie sal gaan om 'n wêreld van onrein lippe te red? En die Seun, die sondelose Redder, het geantwoord, "Hier is Ek, stuur My." Hy het sy heerlikheid verlaat en gekom.

En vandag, wanneer ons by die nagmaaltafel kom, herdenk ons presies dít. Hierdie brood en hierdie wyn is vir ons die simbool van die gloeiende kool wat Jesaja gereinig het. Dit is die teken van Jesus se liggaam wat gebreek is en sy bloed wat gevloei het om ons skuld weg te vee en ons sonde te versoen. Die nagmaal is die oomblik waar ons, soos Jesaja, ons onreinheid bely, sy reiniging deur geloof ontvang, en dan opnuut die vraag hoor: "Wie sal Ek stuur?"

Die nagmaal is nie die einde van die diens nie; dis die begin van die week se sending. Dis die oomblik waar God ons toerus, ons lippe reinig, ons roep om skoene aan te trek. "Wie sal Ek stuur?"

Eet die brood en drink die wyn en antwoord soos Jesaja "Hier is ek, stuur my."

Ons bring ons harte, harte wat dikwels net soos Kain vra, "Is ek my broer se wagter?" en ons bid, "Here verander my hart."

Ons trek skoene aan. Soos melaatses wat gaan vertel... Daar is voorsiening, julle hoef nie te sterf nie....

En ons vra die Here om ons oë oop te maak, om mense te sien, vriende, kinders, kollegas, werkers in ons huise en tuine... Te bid vir hulle. En te wag vir oomblikke om te praat van Hom wat ons gered het...